Bybelse Aangeleenthede Kiesersgids 2019

"Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat. En stel die aan oor hulle: owerstes oor ..." *Eksodus 18:21*

Toestemming om te herdruk word verleen en aangemoedig

DIE KWESSIE	DIE SKRIF	ACDP	ANC	CAPE	CDP	DA	EFF	VF
Erkenning van die Almagtige God in die Konstitusie	***"Gelukkig is die nasie wie se God die Here is..."*** Psalm 33: 12	**Ja**[1]	**Nee**[2]	**Referendum**[3]	**Ja**[4]	**Nee** [5]	**Nee**[6]	**Ja**[7]
Teen Aborsie	***"Red die wat na hulle dood toe gesleep word..."*** Spreuke 24:11	**Ja**[8]	**Nee**[9]	**Referendum**[10]	**Ja** [11]	**Nee** [12]	**Nee**[13]	**Ja**[14]
Opvoeding: Deur Ouers Beheer & vir Godsdiensvryheid	***"En Vaders… Maak hulle (kinders) groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."*** Efesiers 6:4	**Ouer**[15]	**Staat**[16]	**Ouer**[17]	**Ouer**[18]	**Staat**[19]	**Staat**[20]	**Ouer**[21]
Vir Vrye Mark (teen Sosialisme)	***"Jy mag nie steel nie… Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie..."*** Exodus 20:15-17	**J/N**[22]	**Nee** [23]	**Ja**[24]	**Ja**[25]	**J/N**[26]	**Nee**[27]	**Ja**[28]
Pro-doodstraf vir Moordenaars	***"Wie die bloed van `n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word."*** Genesis 9:6	**Ja**[29]	**Nee** [30]	**Referendum**[31]	**Ja** [32]	**Nee** [33]	**Nee**[34]	**Ja** [35]
Vir Selfverdediging (Vuurwapeneienaarskap)	***"`n Troebel fontein en `n vuil bron, so is die regverdige wat wankel voor die goddelose."*** Spreuke 25:26	**Ja**[36]	**Nee**[37]	**Ja**[38]	**Ja**[39]	**J/N** [40]	**Nee**[41]	**Ja**[42]
Staan Homoseksuele "huwelike" Teë	***"Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen `n afskuwelike sonde."*** Levitikus 20:13	**Ja**[43]	**Nee**[44]	**Referendum**[45]	**Ja**[46]	**Nee**[47]	**Nee**[48]	**Ja**[49]
Staan Rassediskriminasie Teë (Affirmative Action)	***"Net een wet moet daar vir julle wees – die vreemdeling moet soos die kind van die land wees."*** Levitikus 24:22	**Nee**[50]	**Nee**[51]	**Ja**[52]	**Ja**[53]	**Nee**[54]	**Nee**[55]	**Ja**[56]

Agtste Uitgawe

Sien keersy vir hierdie en ander partye se posisies en terugvoering in reaksie op die Christian Action Network se Beleidspunte Opname, of besoek ***www.SAvotersguide.org****.*

Ander politieke partye sal ook op die stembriewe voorkom. U is welkom om hulle direk te kontak vir hulle beleidspunte op hierdie en ander Bybelse Aangeleenthede. Vir verdere informasie oor Bybelse beginsels, stel ons voor dat u 'n kopie van die ***Bybelse Beginsels vir Afrika*** *boek bekom van* ***Christian Action Network: 021-6894481, Email: info@christianaction.org.za, Web: www.christianaction.org.za****.*

Erkenning van die Almagtige God (Exodus 20:3; 2 Kronieke 7:14; Psalm 9:17 & 127:1)

1. Die Afrika Christen Demokratiese Party (ACDP) glo dat SA een nasie moet wees onder die gesag van die Almagtige God. Die regering is deur God daargestel om die waardigheid en regte van mense te onderhou, om geregtigheid uit te oefen en om vrede en orde te handhaaf " - ACDP Beleid "

2. Die *African National Congress* (ANC) het gestem om die sinsnede "In nederige erkentenis teenoor die Almagtige God ", uit die nuwe Grondwet te haal en SA sodoende as `n Sekulêre nasie te verklaar.

3. Die Cape Party (CAPE) ondersteun ‚n sisteem van direkte demokrasie waarin referendums gehou kan word. Verskillende areas of wyke, soos in Switserland kan ‚n referendum hou oor sulke sake. Daar kan sommige areas wees in die voorgestelde Kaapse Republiek, wat die Erkenning van die Almagtige God in die Konstitusie van hulle area ondersteun, en ander wat dit nie ondersteun nie, gebasseer op die referendum wat in daardie spesifieke area gehou is.

4. Die Christen Demokratiese Party (CDP) beplan om die sinsnede "In nederige erkentenis teenoor die Almagtige God " in enige toekomstige grondwet van Suid-Afrika in te bring (Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

5. Die Demokratiese Alliansie (DA) het gestem vir die nuwe grondwet wat bg. sinsnede uit die grondwet laat en hulle erken God ook in geen Beleidsdokument of Stigtingsverklaring nie.

6. Die EFF (Economic Freedom Fighters) ondersteun Marxisme, wat 'n atheistiese wêreldbeskouing het en EFF aanhangers is geken om teen die Christendom te wees. "Die EFF onderteken die Marx-Lenin denkrigtings oor die ontleding van die Staat…" (Inleiding tot die EFF Konstitusie 2014).

7. Die Vryheids Front (VF) erken die heerskappy van Christus op alle lewensterreine en die owerheid as 'n instelling van God. - Die VF Plus se program van hoop. dr Pieter Mulder, Bloemfontein 21 Feb. 2004

Teen Aborsie (Exodus 20:13; Exodus 21:22-24; Spreuke 6:17 & 31:8-9)

8. ACDP - "Ons glo dat lewe in die moederskoot begin en dat ongebore babas die reg het om konstitusioneel beskerm te word… Ons bejammer aborsie as `n gevaarlike boosheid en `n Nasionale tragedie." (Beleids Dokument: Aborsie en Genadedood) ACDP het gestem teen wetgewing vir aborsie.

9. ANC - "Ons is daartoe verbind om die vlakke van onverklaarbare of ongevraagde swangerskappe te verlaag " ANC Parlementêre toespraak 29/10/1996. Het gestem vir wetgewing.

10. CAPE - ondersteun ‚n sisteem van direkte demokrasie, waarin referendums gehou kan word. Verskillende areas of wyke, soos in Switserland kan ‚n referendum hou oor sulke sake. Daar kan sommige areas wees, in die voorgestelde Kaapse Republiek wat die Reg tot Lewe van 'n Ongebore in die Konstitusie van hulle area ondersteun en ander wat dit nie ondersteun nie, gebasseer op die referendum wat in daardie spesifieke area gehou is.

11. CDP - "'n Ongebore kind het die reg tot lewe" (reaksie op Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

12. DA - "Om vrye keuse voor te staan beteken nie dat ons pro- aborsie is nie. Dit is vrouens se konstitusionele reg om eie keuses te maak oor die private aangeleentheid van voortplanting." DA Parlementêre toespraak (29/10/1996) Het gestem vir aborsie a.g.v. beleidsdruk.

13. EFF – Het tot dusvêr geensins aborsie aktief teengestaan nie. So vêr aswat ons weet, het huidige EFF leiers nog geen poging aangewend om ongebore babas te red van die aborsieslagting in Suid-Afrika nie.

14. VF - Dit het ten doel om die prosedure te vergemaklik om klinieke goedgekeur te kry vir die uitvoering van hierdie moordsessies op derduisende ongebore babas. Dr. Willie Snyman, VF Plus

Opvoeding: Ouer of Staatsbeheer (Deut. 6:1-7; Psalm 78:4-7 & Kolossense 2:8)

15. ACDP - Ons verwerp inmenging van die staat t.o.v. Godsdiens Praktyke in staat of staat-ondersteunde instansies (skole) ... Hierdie reg moet beperk word tot ouers en gemeenskappe, nie tot die staat." (ACDP Beleidsdokument: Redes vir die verwerping van die Grondwet).

16. ANC - "Die staat het die sentrale verantwoordelikheid vir die voorsiening van onderwys en opleiding." (ANC Beleids raamwerk vir onderwys en opleiding).

17. CAPE - ondersteun ‚n sisteem van desentralisasie. "Die familie struktuur is die kern van 'n sterk onderrig. Studente, ouers, gemeenskap en die wêreld daar buite (besigheid, wetenskappe, akademie, ens.) behoort die belangrikste dryfkrag te wees vir 'n kind se onderrig en nie die staat nie." (Christen Aksie Netwerk Beleids Opname.)

18. CDP – Die CDP glo dat die onderwys van kinders is die ouers se verantwoordelikheid en dat hulle as belastingbetalers die gesag het om te verseker dat hulle kinders die opvoeding ontvang wat hulle verlang en voor betaal. (Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

19. DA – Die DA se Onderwysbeleid gee geen melding van ouerbeheerde aanstelling van onderwysers of handboeke nie, of die belangrikheid van godsdiensvryheid in die onderwys nie. Die DA erken ook nie tuis onderwys as 'n alternatief nie. (www.da.org.za/policy/education-policy).

20. EFF – Die EFF ondersteun Marxisme, wat 'n voorstander van staatsbeheerde opvoeding is. "Die EFF gebruik sosialisme as die teoretiese basis van sy denke…"

21. VF - "Die VF Plus staan 'n stelsel van onderwyskoepons voor waardeur die staat eerder die kind as die skool subsidieer. Dan kan ouers kies na watter tipe skool sy kind gaan sonder dat die kind of skool gestraf word" Die VF Plus se program van hoop. dr Pieter Mulder, Bloemfontein 21 Feb. 2004

Ekonomie: Vrye Mark of Sosialisme (Spr 10:2-4; Matt 25:14-27 & 2 Thes 3:10)

22. ACDP - "'n Dinamiese ope mark ekonomie wat geleenthede bied vir almal om voorspoedig te wees .... werkskepping en ekonomiese groei d.m.v. `n ope-mark beleid met so min regerings inmenging as moontlik" (ACDP Beleidsdokument: Ekonomie)

23. ANC - "Ons het `n kompeterende, vinnig groeiende ekonomie in die vooruitsig wat werkskepping vir almal sal bied, die herverdeling van inkomste en geleenthede vir die armes" ANC Parlementêre toespraak 14/6/1996 "Ons weier die opsegging van ons kommunistiese waardes, ons kommunistiese organisasie en ons verbintenis tot `n kommunistiese toekoms" (Sosialisme is die toekoms, ontwikkel dit Nou! SAKP Strategiese Perspektiewe, April 1996.

24. CAPE - "...Sal 'n ekonomiese beleid implementeer wat gebasseer is op en soortgelyk aan die suksesse van Singapoer. Geen beperkings op invoer/uitvoer, lae belasting, entrepreneursvriendelike beleid wat indiensneming en individuele gemeenskappe bevorder (nie sentrale regerings nie) sal deurmiddel van hulpbronne bepaal word." (Cape Party Handves.)

25. CDP – Die CDP staan vir die reg van private eienaarskap, en 'n samelewing wat die reg het om te eis vir 'n verantwoordelike vryemark stelsel. (Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

26. DA - "Die DA staan `n ekonomie voor wat die beginsels van private eienaarskap en inisiatief respekteer en wat beloning bied aan waaghalse en enterpreneurs, maar wat ook erken dat die staat `n belangrike rol het om te speel in die opheffing van alle Suid Afrikaners" (Beleidsdokument: Alles gaan oor Werksgeleenthede!)

27. EFF – Die EFF "identifiseer homself as 'n Marxistiese-, Leninistiese- en Fanonian organisasie." (EFF Konstitusie).

28. VF - Die VF handhaaf die waarde van n vryemark, maar laat intervensie nie uit as 'n oplossing nie. "In 'n vrye mark, moet regerings partykeer intree…" Toespraak van Mr. Willie Spies, MP, 7 September 2004

Die Doodstraf vir Moordenaars (Gen 9:6; Ex 21:12-16; Nu 35:33 & Rom 13:4)

29. ACDP - "Die ACDP is op rekord vir die promovering van die doodstraf vir ernstige misdade soos moord, verkragting en in besonder die verkragting van babas en kinders. " (Media vrystelling: Steve Swart; 19/9/2003).

30. ANC - "Staan hierdie hoogs onverantwoordelike mosie ten sterkste teë (verwysing na die herinstelling van die doodstraf 19/6/1995)" (ANC Parlementêre toespraak 19/6/1995).

31. CAPE - ondersteun ‚n sisteem van direkte demokrasie waarin referendums gehou kan word. Verskillende areas of wyke, soos in Switserland kan ‚n referendum hou oor sulke sake. Daar kan sommige areas wees in die voorgestelde Kaapse Republiek wat die doodstraf vir moordenaars in die Konstitusie van hulle area ondersteun, en ander wat dit nie ondersteun nie, gebasseer op die referendum wat in daardie spesifieke area gehou is.

32. CDP – Die doodstraf moet heringestel word as deel van die kriminele regstelsel. (reaksie op Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname)

33. DA - "Om aan te dring op `n referendum vir die doodstraf is gevaarlik" (DA Parlementêre toespraak 19/6/1995) Opsigtelike weglating van die Doodstraf in Beleidsdokumente.

34. EFF – Is nie 'n voorstander van die doodstraf in hulle beleidspunte oor misdaad nie.

35. VF - Die ANC moet ophou met lippediens en moet daadwerklik optree deur te help dat die doodstraf teruggebring word", sê mnr. Pieter Groenewald, LP en hoofwoordvoerder van die VF Plus vir Veiligheid en Sekuriteit.

Vir Selfverdediging (Vuurwapen Besit) (Spreuke 25:26; Nehemia 4:14 & 1 Timotheus 5:8)

36. ACDP - "Die ACDP ondersteun die reg van die wetsgehoorsame landsburger om vuurwapens te besit en te gebruik vir selfverdediging en ter verdediging van hul families ..." (Manifesto 2004). Stem teen die Vuurwapenbeheer Wet (VBW) 12/10/2000.

37. ANC - "'n Vuurwapen beheer program om die aantal vuurwapens in die hande van individue te beperk" (ANC 1994 Verkiesings Manifes) Gestem vir VBW 12/10/2000.

38. CAPE - ondersteun die regte van die wets gehoorsame burgers om hul eie vuurwapens vir die gebruik in selfverdediging. (Christen Aksie Netwerk Beleids Opname.)

39. CDP – Die CDP ondersteun die reg van wetsgehoorsame burgers om vuurwapens te besit en te gebruik vor die doel van selfverdediging. (reaksie op Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname)

40. DA - Die DA het teen die VBW gestem (12/10/2000) maar betoog vir Vuurwapenvrye Areas in Kaapstad. Wisselvallig.

41. EFF – Die EFF ondersteun die omvêrwerping van die staat deur 'n revolusie, asook die onteiening van plase. Dit is daarom baie onwaarskynlik dat hulle die reg van die middelklas om hulself te verdedig teen die geweld en vernietiging van eiendom, tydens sulke revolusies, sal ondersteun. "Om politieke en staatsmag te bekom deur enige moontlike revolusionêre poging."

42. VF- Die VF Plus stem teen die VBW 28/09/2004

Staan Homoseksuele Agenda Teë (Mattheus 19:4-6; Romeine 1:24-32 & 1 Korinthiërs 6:9-10)

43. ACDP - "Ons glo nie dat seksuele oriëntasie wat `n homoseksuele leefwyse promoveer, die reg tot spesifieke konstitusionele beskerming regverdig nie." (ACDP Beleidsdokument: Seksuele oriëntasie).

44. ANC - Reeds in 1987 het die ANC belowe dat hulle die regte van homoseksuele sal beskerm. " Die ANC se steun vir die byvoeging van seksuele oriëntasie in die gelykeregte klousule van die grondwet" (50ste Nasionale Konferensie in Mafekeng) "Die reg tot vryheid t.o.v. seksuele voorkeur" (Sosialisme in die toekoms, bou dit Nou! SAKP Strategiese Perspektiewe, April 1995).

45. Die Cape Party (CAPE) ondersteun ‚n sisteem van direkte demokrasie waarin referendums gehou kan word. Verskillende areas of wyke, soos in Switserland kan ‚n referendum hou oor sulke sake. Daar kan sommige areas wees in die voorgestelde Kaapse Republiek wat die wet op homoseksuele huwelike in die Konstitusie van hulle area ondersteun, en ander wat dit nie ondersteun nie, gebasseer op die referendum wat in daardie spesifieke area gehou is.

46. CDP – Die CDP opponeer die eise van homoseksuele en lesbiese groepe dat homoseksuele "huwelike" erken moet word (reaksie op Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

47. DA - Die reg tot "Seksuele Oriëntasie" (DA Visie, Kern waardes en Beginsels).

48. EFF – Die EFF is pro-homoseksualiteit. "Om patriargie, seksisme, homofobie en enige diskriminasie teen te staan…"

49. VF - Die VF Plus se standpunt is dat die huwelik 'n instelling van God is wat voltrek word tussen 'n man en 'n vrou. (Wettiging van selfde geslag huwelike - 1/12/2004)

Staan Diskriminasie t.o.v. Rasse teë (Lev. 24:22)

50. ACDP – Die ACDP het hul steun vir „n „sonsonder/beperkingsklousule" oor regstellende aksie laat val en hul houding verander na: „... verander die fokus van regstellende aksie van voorheen benadeelde met benadeelde persone. As gevolg van die historiese en huidige rasse- en sosio-ekonomiese aard van armoede, sal die werklike fokus van ‚n regstellende aksiebeleid gebaseer op minderbevoorregtes nie dramaties verander van een wat rasgebaseer is nie. „(Beleid oor Handel en Nywerheid, ACDP-beleid Dokument 2018). Die demografie van ons land sou as gevolg van diskriminasie op grond van ras onderskei.

51. ANC - "Ten einde die erfenis van diskriminasie hok te slaan, erken die Swart Ekonomiese bemagtigings Beleid wetsontwerp alle groepe' (ANC) Parlementêre toespraak 20/8/1998) "Dit was die ANC wat regstellende aksie op die agenda geplaas het." (Regstellende aksie en die nuwe konstitusie).

52. CAPE - verwerp Regstellende Aksie. „Die Cape Party glo in gelyke geleenthede vir all burgers en sal 'n einde bring aan rasse beleid, kwota en wetgewing in die Kaap. (Cape Party Handves.)

53. CDP – Die CDP ondersteun "'n gelyke geleenthede stelsel wat nie op ras gebasseer is nie" (reaksie op Christelike Aksie Netwerk Beleidsopname).

54. DA -"Ondersteun die DA Swart Ekonomiese Bemagtiging en Regstellende Aksie? Die antwoord op al die vrae is 'n definitiewe 'Ja'. Maar dit beteken nie dat ons die ANC se benadering tot regstelling ondersteun nie. Ons uitdaging is om die balans te vind tussen die nood vir rasgebaseerde regstelling en ons toewyding om nie-rassigheid te behou." DA Leier Hele Zille, mediakonferensie, Kaapstad, 24/11/13

55. EFF – Baniere by EFF saamtrekke het met die volgende woorde gespog "Wittebrood is verby vir Witmense in Suid-Afrika" en "Om 'n revolusionêr te wees moet jy deur haat en bloedstorting geinspireer wees." EFF leier, Julius Malema, het gesê dat daar nooit versoening in the land sal wees so lank aswat Witmense die land het nie. ("EFF: Witmense moet leer om te deel", 15 Okt 2013, www.mg.co.za.)

56. VF - Regstellende aksie en nuwe diskriminasie. - Die VF Plus se program van hoop. Dr Pieter Mulder, Bloemfontein 21 Feb. 2004

Vir verdere dokumentasie, ander relevante artikels, en hierdie Kiesersgids in ander tale besoek:

www.SAvotersguide.org



Christelike Aksie Netwerk interpreteer die standpunt van partye nie slegs op grond van hulle uitsprake en beleid nie, maar ook deur hul stempatrone en hul aksies (Matt 7: 20)
Ons verwelkom adissionele, relevante dokumente van die verskillende partye. Addisionele informasie kan gestuur word aan die Christelike Aksie Netwerk.

KIESERS GIDS 2019

BYBELSE AANGELEENTHEDE

- LAAT JOU STEM TEL! -

"Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien... maar ek en my huis, ons sal die Here dien." Joshua 24:15

Christian Action Network
Posbus 23632 Claremont 7735
Kaapstad Suid-Afrika
Tel: 021 689 4481
info@christianaction.org.za
www.ChristianAction.org.za

"Die heerskappy van Christus oor alle aspekte van die lewe."

www.SAvotersguide.org